

Inhoudsopgawe

Inleiding	7
-----------------	---

Tyd vir 'n epiese gebedsreis saam met Habakuk

Hoofstuk 1	God is nêrens (Habakuk 1:1-11)	29
Hoofstuk 2	Die antwoord is om te wag op die Here (Habakuk 2:1)	44
Hoofstuk 3	God is nou hier (Habakuk 2:2-20)	57
Hoofstuk 4	God is oral (Habakuk 3:1-19)	74

Geheime vir 'n kragtige gebedslewe

Hoofstuk 5	Om reg te bid, is	91
Hoofstuk 6	Gebede wat altyd 'n hemelse ja kry	106
Hoofstuk 7	'n Bybelse handleiding vir gebed	118

Inleiding

Gebed is loshande die gewildste godsdienstige gebruik op aarde. Almal bid. Gebed is groot. Gebed is gewild. Selfs mense wat nie normaalweg as gelowiges beskou word nie erken hulle bid in krisisse. Sportmanne sê hemelwaarts dankie as hulle 'n drie gedruk het of 'n atletiekrekord gebreek het. Tydens etes word daar gebid. Skole word geopen met gebed; byeenkomste en kerklike vergaderings ook. In hospitale word daar gebid langs siekbeddens. Voordat mense gaan slaap in die aand en wanneer hulle opstaan in die oggend bid hulle. Agter motors se stuurwiele; op fietse; tydens eredienste; in die natuur – oral bid mense. Selfs nie-godsdienstiges bid. Studies toon aan dat meer as 70% van alle mense op aarde een of ander tyd hulle toevlug neem tot gebed.

Wat is ware gebed?

Dit is kommunikasie met die lewende God. Gebed gebeur altyd in die Naam van Jesus. Gebed is om aktief en bewustelik in God se teenwoordigheid te wees. Dit is om die Vader, Seun en Gees van harte, asook met woorde op te soek. Opregte en nederige harte is 'n onlosmaaklike deel van gebed. Gebed gaan heel eerste oor God en oor sy eer. Gebed is om die Here se Naam te loof. Dit is ook die veilige ruimte waar ons eie nood en dié van ander gelowig aan God se voete neergesit word en waar ons leer om Hom te vertrou vir elke porsie daaglikse brood.

Leer ons bid, asseblief!

“Gebed werk.”

“Daar is krag in gebed.”

“Gebed is die antwoord.”

“Ons moet meermale bid.”

Al hierdie stellings bevat ’n stukkie waarheid. Maar feit is, nie almal beleef die krag wat in gebed versteek is nie ... Of dat gebed aldag so effektief “werk” soos wat sulke aansprake lui nie ... Of dat dit elke keer die antwoord is nie. Ook bid die meeste mense nie meermale nie, al stem almal saam dit is ’n goeie ding om nog meer te bid.

Studie op studie toon aan mense is gefrustreerd met hulle gebedslewe. Dit is vir baie ’n verpligte ritueel, maar die krag van gebed is lankal weg. Dit is bloot die regte ding om te doen. Gebed is vir vele eintlik maar net ’n gepaste kniebuiging in God se rigting op die regte tyd en in die regte plekke. Maar dis omtrent al wat hiervan oorgebly het vir baie mense.

Dit mag nie gebeur nie. Ons moet Lukas 11 ernstig opvat. Hier rig Jesus se dissipels die belangrikste versoek ooit aan Hom: “*Here, leer ons bid.*” Dit is nadat hulle gehoor het Johannes die Doper leer sy dissipels hoe om te bid. Jesus se dissipels vra nie vir Hom: “Maak ons beter gelowiges” nie. Of: “Help ons om meer te getuig vir U” nie. Nee, hulle vra: “*Here, leer ons bid.*” Toe doen Jesus presies dit. Hy gee aan hulle die gietvorm vir ware gebed; Hy gee vir hulle die Ons Vader. Hierdie is die gebed van alle gebede. Dit bereik God se troonsaal elke keer as dit hartlangs gebid word (Luk. 11:2-4). Hier leer Jesus dat gebed vier ononderhandelbare boustene het:

1. *Lof en aanbidding.* Alle gebed gaan heel eerste oor God. Gebed is om voor God te buig. Hy is in die hemel en ons op die aarde. Gebed maak ons klein sodat God groot kan wees.

Gebed is ook hoe ons ons bewondering vir God in vrolike taal uitdruk.

2. *Wettige daaglikse behoeftes*. Wanneer ons vir onself bid, vra ons God om in ons basiese lewensbehoefte te voorsien. Nee, ons bid nie selfsugtig vir onself nie. Sulke gebede val in elk geval op dowe ore soos wat Jakobus 4 leer. Ons bid vir ons daaglikse brood.
3. *Vergifnis*. Gebed is die diepste uitdrukking van ons verhouding met God. Omdat ons weet dat ons soms droogmaak en ongehoorsaam is aan Hom, is gebed die plek waar ons dit opreg bely. Ons sit ons oortredings aan sy voete neer en hou op om dit te doen. Ook vra ons dat ons met harte vol vergifnis teenoor ander rondom ons sal leef.
4. *Versoeking*. Die bose is 'n realiteit; daarom smee ons God om ons weg te hou van verkeerde dinge. Ons vra Hom om te keer dat ons in die versoeking sal beland om teen sy wil te leef.

Ons is nie aldag gebedfiks nie, want ons is nie behoorlik geleer hoe om te bid nie

Die beginsels in die Ons Vader moet aanhoudend inge oefen word. Dit is tydloos. As die beginsels hierin nie in al ons gebede op lewenskragtige maniere ingebou word nie, verander dit spoedig in "an exercise in missing the point"! Nog erger, dan mis ons gebede uiteindelik die Here self. Dan word gebed 'n doel opsigself, wat dit nooit is, of ooit mag wees nie. Ons bid nie omdat dit bloot net die regte godsdienstige ding is om te doen nie; ons bid om met God te praat. Hy is ons diepste verlan ge.

Dit is nie sonder rede dat Jesus se dissipels in Lukas 11 vir Hom gevra het om hulle te leer bid nie. Hulle het immers gesnap gebed moet inge oefen word. Te veel mense dink gebed gebeur elke keer outomaties. Kleintyd is ekself darem drie

gebede geleer. Die eerste was: “Liewe Heer, ek is ’n kindjie klein ...” Tweedens is ek daardie standaardgebed voor etes geleer: “Seën die hande wat die kos voorberei het.” En derdens, die Ons Vader. “Liewe Heer, ek is ’n kindjie klein,” het vir ongeveer die eerste agt jaar van my lewe goed gewerk, maar toe word ek ’n “kindjie groot”. My ma het nie ander gebede in die plek hiervan geken nie, behalwe dalk iets soos: “Bewaar my van hierdie tiener!” Gebed nommer twee is ook uit diens gestel toe ek as student soms my eie kos moes maak. Genadiglik het die Ons Vader tot vandag toe as die gebedspilaar van my lewe oorgebly.

Ons moet opnuut leer bid. En ons moet dit lewenslank inoefen. Ons gradueer nooit uit Jesus se skool van gebed nie. Ons verdien nooit erekleure in gebed nie. Ons moet aanhoudend by Jesus se dissipels leer gebed gaan eerste oor God. Dit gaan oor sy eer, sy wil, sy koninkryk. Tweedens moet ons oor en oor leer gebed gaan oor ander mense. Ons eie behoeftes en versoeke kry altyd die laaste plek in die ry wanneer ons bid ... altyd! Ons bid onself gedurig uit alle belangrikheid uit. God word meer en ons minder in ons gebede. Anders gaan ons gefrustreerde bidders wees. Sulke gebed kom nie aldag spontaan nie. Dit gebeur ook nie maklik nie. Daarom vra dit aanhoudende inoefening en gedurige lering vanuit die Skrif. Maar ons moet ook leer om ’n klompie foutiewe stereotipes en halwe waarhede oor gebed te laat staan.

Tien flou stereotipes oor gebed wat óns moet uitknikker

1. Die holrug-geryde stereotipe dat gebed krag het ... want die volle waarheid is dat net God krag het

“Gebed het krag.” Baie boeke en gesprekke oor gebed berus op hierdie uitgangspunt. Tog is krag nie die groot punt van gebed nie. As gebed bloot net krag sou hê, dan verskuif ons fokus vanaf God na gebed as ’n doel opsigself. In dieselfde

asem verskuif die fokus dan na onself wat hierdie krag moet ontsluit. Dan handel die “krag” van gebed eintlik net oor die effek wat gebed hier aan ons kant van die draad moet hê en nie heel eerste oor God nie. “Kragtige gebede” kan gou-gou ’n selfsugtige roete word, want resultate is dan al wat saak maak.

Net so min as wat enige liefdevolle verhouding tussen ouers en kinders uitkoms-gedrewe is, net so min is gebed primêr gerig op antwoorde. Dan verskraal ons God tot ’n Antwoordverskaffer. Of tot die Een wat gedurig moet regstaan om ons gebede te verhoor sodat ons vir almal kan vertel van die “krag” van gebed. Terloops, dink net hoe ongelukkig jy self sal wees as jou kinders gedurig vir almal vertel hulle het krag oor jou, want hulle kry jou sover om vir hulle te gee wat hulle wil hê. Dan sal jy dink dat hulle jou net tot hulle eie voordeel probeer gebruik om dinge vir hulleself te kry. So mag ons nooit oor die krag van gebed dink nie, want gebed gaan heel eerste, oral en altyd oor God!

Wanneer ons opreg met God praat, wonder ons nooit of ons kragtig gebid het nie. Ons is immers nie verbruikers van God se krag, soos wat ons verbruikers van Eskom se krag is nie. Gebed wat reg gebeur, gaan oor God. Terloops, hierdie klink na iets makliks om te skryf of te sê, maar om dit te beoefen, is iets totaal anders. Want eintlik gaan baie gebede nie so baie oor God nie, maar oor onself. Te veel van ons gebede is behoefte-gedrewe. Dit moet dadelik einde kry. Gebed is om gestroop van onself voor God neer te val. Dit is om al ons hoop op die Here te plaas. Gebed is tegelyk leeg en vol – leeg van onself en vol van God se grootheid en eer. Dan bid ons reg.

Ons leegheid van onself is die geheim tot die ervaring van God se nabyheid. Sy teenwoordigheid is waaroor dit gaan. Gebed is om gestroop van onself te wees en om alles van Christus te verwag. God wat die hoorder van gebed is, is die enigste Een wat krag het. Gebed is ’n gelowige en aanbidende gesprek met Hom. Ons paar woordjies kan nie te veel in

sy teenwoordigheid regkry nie. Maar gebedswoorde wat hand aan hand loop met harte wat Godwaarts gerig is, is iets totaal anders. Woorde wat gelowig resoneer met God het die potensiaal om hemel en aarde te vul met lof, vreugde, dankbaarheid en genade. En om uitkoms te bring in tye van nood en groot rampe. God luister na elke gebed wat diep afhanklik en kinderlik opreg na Hom toe kom. Hy hoor alle gebede wat gelowig volgens sy wil gebid word.

2. Die foutiewe stereotipe dat gebed soos 'n geestelike Google-soektog werk ... want gebed is om in God se teenwoordigheid tot rus te kom

Wanneer mense deesdae na inligting oor enigiets of enigiemand soek, Google hulle dit en siedaar, een of ander soektog lewer derduisende trefslae op in millisekondes. Wel, gebed is nie die hemelse teenvoeter vir Google, waar ons teen rekordspoed antwoorde moet kry op al ons vrae en probleme nie. Ons gaan nooit op hierdie manier na God toe nie. Ons storm nie in die hemelse troonsaal in met die doel om elke keer daar uit te stap met 'n antwoord, 'n deurbraak, of 'n gebedverhoring binne 'n nuwe rekord-tyd nie. Want gebed werk regtig nie so nie. God is ons Vader in die hemel. Ons kom tot rus aan sy voete.

Vir dieselfde rede dat ons as ouers nie daarvan hou as ons kinders gedurig net dinge wil hê nie, hou God ook nie daarvan nie. Net soos dit nie vir ons lekker is om ons kinders slegs te sien as hulle iets van ons wil hê nie, hou Hy ook nie daarvan as ons heelyd net vra, vra, en nogmaals vra nie. O ja, ons mag by geleentheid dinge van God vra. Trouens, ons moet in ons gebede bepaalde dinge van God afsmeek, maar ons doen dit reg wanneer ons verstaan God is nie die Groot Voorsiener wat net moet regstaan op ons bevel nie.

Gebed werk ook nie soos 'n geestelike telbord waar die beste bidders se deurbrake in hoofletters pryk vir almal om te bewonder nie. Sulke idees water gebed af tot 'n hemelse ver-

bruikersdiens. C.S. Lewis sê tereg God is nie “a Grandfather in heaven” wat net moet sorg dat almal ’n goeie tyd het en dan uit die pad moet staan nie. God se wil druis teen ons eie selfsugtige planne en gebede in. God is nie ’n eenstop- hemelse diens nie. Hy is ons hemelse Vader. Hy kweek ’n verhouding met ons as sy kinders en wil hê ons moet bid en leef in sy teenwoordigheid. Ons bid nooit net om te ontvang nie; ons bid om God te verheerlik. Ons bid om sy Naam te eer. Ons bid om sy wil te laat gebeur. Ons is hier vir die Here se plesier; ons gebede ook. Ware gebed is die uitdrukking van ’n nederige, lewende verhouding met God. Dit is aanbidding, verwondering, nederigheid en rus. Gebed is om God toe te laat om ons op sy eie voorwaardes genadig te wees en ons gebede te verhoor.

3. Daardie goor stereotipe dat gebed dikwels teen die huis se plafon vasslaan ... want die volle waarheid is dat Christus en die Heilige Gees altyd vir ons bid

Soms voel dit of ons teen ons huis se plafon vasbid. Dan is dit of daar ’n permanente besetton hemelwaarts is. Ons klop aan die hemelse deure, maar dit bly toe. Ons pleit en smeek, maar dit klink of ons gebede op dowe ore val. Gelukkig is ons nie alleen wat sulke gevoelens betref nie. Bybelskrywers soos Paulus het ook sulke “stiltes” beleef. In Romeine 8:26 sê hy ons grootste swakheid is dat ons nie altyd weet wat en hoe om te bid nie. Maar Paulus stop gelukkig nie hier nie. Hy skryf verder dat die Gees vir ons intree in sulke tye. In ons geestelike windstil-dae is dit die Heilige Gees wat vir ons bid. Hy sug en praat namens ons met God as dit voel of ons gebede kragteloos is. Die beste nuus van alles is dat God altyd luister na sy Gees se gebede! Hy laat geen gebed van die Heilige Gees leweloos terugval aarde toe nie.

Ons troos is dat die Heilige Gees vir ons bid. Maar die goeie nuus stop nie hier nie. Paulus skryf in Romeine 8:33-34 dat Jesus nou ook aan die regterhand van God is en dat Hy gedurig

ook vir ons intree. Ons is regtig in goeie hemelse hande. Die Heilige Gees en Christus praat met God oor ons as sy kinders. Christus en die Gees se gebede is loshande die kragtigste gebede in die hele heelal. Hierdie intredes vir ons by die Vader maak die wêreldse verskil in die hemel, al verander dinge nie noodwendig in 'n oogwink hier aan ons kant van die draad nie. Wanneer dit partykeer dan voel of daar 'n besetton hemel toe is, troos Romeine 8 se superwoorde ons dat die Gees en Christus wel vir ons bid.

Dit kos moed om aan God vas te hou as dit voel of die pad hemel toe geblokkeer is en of ons persoonlik nommer tienmiljoen is in die ry mense wat wag op 'n hemelse reaksie. Geloof is om in sulke tye teen alle kleingeloof en hooplose gevoelens in op God te bly wag. Selfs al kleef ons tong aan ons verhemelte vas, kan ons nogtans op Hom wag, soos wat Psalm 131 ons leer. Ons hou vas aan die Gees as ons groot Voorbidder wat ons eie stomheid weer sal aanvul met lof. En aan Jesus wat vir ons intree by die Vader.

4. *Daardie vals stereotipe dat God eintlik net naby is wanneer gebede op bidders se voorwaardes verhoor word ... want die volle waarheid is dat God altyd naby is*

“My lewe is een groot gemors,” sê iemand vir my. Toe volg 'n verwyf: “Waar's God as ek Hom die slag nodig het?” Toe volg nog 'n gewilde refrein wat mense deesdae graag kwytraak: “Ek bid, maar die Here hoor my nie.” Hoe jammer dat God gedurig gemeet word aan hoe vinnig Hy mense uit hulle krisis help. In dieselfde asem word “groot” gelowiges ook gemeet aan al die gebedsverhorings op hulle kerfstok.

Beide persepsies is foutief. Om God aan ons omstandighede te meet, is nie reg nie. Hy is nie in ons diens nie. Beteken dit ons mag die Here nie aanroep in ons krisis nie? Nee, ons moet juis! Maar dan moet ons Hom op sy woord vat dat Hy by ons is al die dae van ons lewe. Dit is waaroor geloof gaan – dat ons

God vertrou in die donker en in die lig.

Hoe ver is God van ons af? Ek bedoel nie hoe ons hieroor voel nie. Gevoelens is nie 'n goeie barometer vir die waarheid nie. Die regte antwoord op hierdie vraag is om te vra wat sê God self hieroor. Hoe druk Hy die afstand tussen ons en Hom uit? In kilometers dalk? Nee, glad nie! Hier's die waarheid, die egte goeie nuus. God is naby aan elkeen wat in Christus aan Hom behoort. So sê Paulus in Romeine 8:31-39. Maar tog is God ook ver. Wag, laat ek dit reg sê: Hy is 'n gebed ver! Hy is 'n woord ver, 'n gebed ver, 'n hulproep ver! Of 'n gebed *naby*, 'n woord *naby*, 'n hulproep *naby*! Op die ou end hang dit van ons af hoe ver of naby God van ons af is. Praat elke keer die afstand tussen God biddend uit die pad. Hy is naby; daarom nooi Hy ons uit om alle afstand weg te bid en te leef.

5. Daardie flou stereotipe wat maak dat jy outomaties en onnadenkend dieselfde tipe gebede bid ... want gebed is elke keer 'n dinamiese gesprek met God

As ons vir jare lank iets doen, gebeur dit later outomaties. Ons bestuur ons motor outomaties. Ons lees die Bybel outomaties. Ons sit outomaties op dieselfde plek in die kerk of in ons gunsteling eetplek. Ons ry outomaties dieselfde roetes werk toe en kerk toe, en ons sê later selfs outomaties dieselfde dinge oor dieselfde holrug-geryde temas.

In 2013 het 'n uiters ervare rotsklimmer, Susan Mailloux, in Amerika tragies gesterf nadat sy vergeet het om haar klim-harnas vas te klamp aan die reddingstou toe sy teen 'n rotsmuur in 'n gimnasium uitgeklim het. Een kenner het na die tyd gesê sy was so gewoond aan hierdie manier van klim dat sy eintlik op "autopilot" was en nie meer gedink het hoe om dit te doen nie. Sy het haar gevaarlike sport outomaties beoefen.

Ons moet ligloop om té gewoond te raak aan dit waarmee ons onself daagliks besighou. Die grootste gevaar van alles is wanneer ons gewoond raak aan die Here. Dan bid ons later

onnadenkend en lees die Bybel sonder dat ons enige noemenswaardige lewensverandering verwag. Trouens, ons dink dan gebed is amper so maklik soos om gou voor ete of slapenstyd 'n paar standaard-woorde met God te deel. Hoor hier, as ons op God se terrein is, is ons op heilige grond. Dit is lewensveranderende gebied. Ons moet ons plek hier ken. Ons moet bewustelik aanwesig wees in sy teenwoordigheid. Ons moet wag op die Here (Hab. 2:1). Ons moet ons woorde versigtig kies as ons met Hom praat (Pred. 5:1-2). Ons moet nederig wees voor sy aangesig (Jak. 4:7-8). Dan leef ons met die regte aandagtigheid.

Om elke keer net “gepaste gebede” te bid, of dieselfde woorde oor en oor te herhaal voor elke ete en tydens elke gebedgeleentheid, veroorsaak dat gebed verstar tot 'n outomatiese handeling. Nog erger, dit maak ons mak vir die heiligheid van God. Ons raak later so gewoond aan sy teenwoordigheid dat ons onnadenkend en oorgemaklik met Hom begin praat. Vat maar daardie immergroen tafelgebede wat oor en oor van ons lippe afrol: “Seën die hande wat die kos voorberei het ... ” of: “Wees met die minderbevoorregtes ... ” Dit kom partykeer so onnadenkend oor ons lippe dat ons nie eens registreer wat ons bid nie. Miskien het ons te familiêr geraak met God. Ons het ons gesprekke met Hom afgekoel tot kamertemperatuur. Hoor dan net hoe maklik sê mense deesdae dinge soos: “God het vir my dit of dat gesê.”

Egte gebed is om elke keer van voor af met God te praat. Elke gebed is 'n splinternuwe gebed. Elke gebed begin van voor af met respek, eerbied, aanbidding. Nee, ons storm nie onnadenkend by die hemelse deure in en onderbreek almal daar met ons versoeke en gee dan haastig pad sonder om met die nodige nederigheid amen te sê nie. (Behalwe in krisistye, maar dan is dit noodgebede en nie standaardgebede nie.) Ons bid nadenkend, versigtig, selfondersoekend. Ons praat met die God van hemel en aarde. Daarom ken ons ons plek. Hy is ons

Vader, maar Hy is in die hemel. Hy is naby, maar Hy is ook heilig.

6. *Daardie halfgebakte stereotipe dat jy maar kan bid wat jy wil ... want gebed is om binne God se wil te bid*

Daar's nie verskillende "gebedspyskaarte" waaruit mense kan kies volgens hulle behoeftes en die res maar nalaat nie. Anders gestel, daar bestaan nie iets soos 'n luilekker gebedslewe vir beginners wat verkies om te bid wanneer dit hulle pas, 'n ietwat moeiliker gebedspyskaart vir kerklikes wat meer as een keer per week probeer bid, en opofferende gebedsroete vir mense wat ernstig is oor God nie. Die Here maak geen ruimte vir verskillende kategorieë gebed wat by mense se selfsugtige behoeftes en by hulle besige programme pas nie. Nie een van ons het die "luukse" om te besluit ons sien slegs kans vir 'n paar "geestelike voorgeregte" soos om die Here na-ure te aanbid waar dit inval by ons dagboek nie. Gebed is nie so verbruikersvriendelik soos wat party mense dit wil hê nie. God vra alles van ons, ons selfsugtige harte inkluis! Hy eis dat ons Hom op sy voorwaardes aanbid, nie op ons s'n nie. Ons is in sy heilige teenwoordigheid. Ons moet ons plek ken – laag op ons knieë.

Te veel gebede is verskuilde opdragte aan God met voorgeskrewe tydskedules oor wanneer Hy hieraan gehoor moet gee. Ons besluit wat is op ons harte en dan moet dit summier ook op God se hart wees. Ons agendas moet elke keer Syne word. Voordat jy verkeerd verstaan, ja, ons mag ons behoeftes aan God bekendmaak deur gebed en smeking, soos wat Paulus in Filippense 4 leer. Ons mag ook die Here vertrou met alles in ons lewe. Maar dit beteken nie ons kan bid wat ons wil, en dan moet God dit slaafs uitvoer nie. God se wil is ons enigste norm. As ons in Jesus bly en sy woorde in ons, dan kan ons bid net wat ons wil en ons sal dit ontvang, soos wat Hy ons leer in die Johannes-evangelie. Want dan bid ons volgens sy wil. Dan word Hy meer en ons minder.

Nogmaals, die Here is nie in ons diens nie. Ja, Hy is die Hoorder van gebed, soos wat Psalm 63 sê, maar ons moet ons plek voor Hom ken. Dit verander die tekstuur en die inhoud van al ons gebede. Dit het tot gevolg dat ons gebede oor God handel en nie oor onself met ons eindelose behoeftes nie. God se eer staan voorop, nie ons belange, veiligheid of voorspoed nie. Ons gebede maak ons kleiner en nog meer afhanklik van die Here, nie groter en nog meer selfvoldaan nie. Ons bid nie eerste vir antwoorde of vir deurbrake nie; ons bid om God onder alle omstandighede te verheerlik. Sy nabyheid is die antwoord waarna ons smag. Sy liefde en deernis is die deurbraak. Hoor weer: God is die antwoord. Sy teenwoordigheid is die wonderwerk. Sy nabyheid is al wat saak maak.

7. Daardie onbuigsame stereotipe dat gebed die gepaste begin of afsluiting tot enige byeenkoms is ... want gebed is altyd opregte gesprek met God

“Sal iemand vir ons afsluit met gebed?” Ken jy hierdie gevleuelde woorde? Of die ewe bekende versoek: “Wie sal vir ons open met gebed?” Gebed doen meer as dit. Egte gebed sluit nie slegs oop en toe nie. Dit begin en eindig nie maar net ons byeenkomste nie. Nee, daar’s niks verkeerd met hierdie reëling om byeenkomste so te begin en af te sluit nie; die punt is net dat gebed meer is as gepaste handeling op die regte tye. Gebed is meer as ’n punt op ’n agenda, of ’n geykte deel van ’n erediens of ’n ete. Gebed, ook tydens eredienste, etes en ander byeenkomste, is lewende gesprekke met die God van hemel en aarde. Dit ontsluit die deure na die skatkamers van die Allerhoogste. Gebed is om altyd, ook tydens publieke byeenkomste, in verwondering voor die drie-enige God te buig. Dit is om te juig oor sy grootheid. Gebed is nie net ’n paar gepaste woorde in sy rigting aan die begin van ’n vergadering en dan gaan ons aan met ander punte op die agenda nie. Gebed is om God se terrein te betree met groot ontsag. Dit is om stil en vol

eerbied te wag op Hom totdat Hy ons genadig is.

Ons bid nooit omdat dit die regte ding is om te doen op die regte oomblik nie. Ons bid omdat ons met God wil praat. Of dit nou tydens 'n ete of by 'n skoolopening is, ons soek altyd God se heilige teenwoordigheid op as ons bid. Dit is nie 'n tradisie wat ons slaafs nakom om hier of daar of doer te bid nie. Dit is nie geykte resitasies wat ons voordra nie. Dis harttaal. Dis opreg. Dis gesprek met God. Ons bid nooit gepaste gebede nie, ons bid regte gebede.

Toe Lyndon Johnson die president van die VSA was, het sy pers-sekretaris Bill Moyers een dag te sag na Johnson se smaak gebid tydens 'n ete. Toe roep die president hard uit: "Speak up, Bill, I can't hear you." Hierop het Bill geantwoord: "I wasn't addressing you, Mr. President!" Vat so! Gebed is nie bedoel om ander mense te beïndruk nie. Toe iemand my juis ook op 'n keer vra om vir hom 'n "gepaste" gebed te skryf vir een of ander opening wat hy moes behartig, was my antwoord dat die mees gepaste gebed wat hy kan bid 'n gebed uit sy hart is. God kyk na ons harte. Hy luister nie na ons gevleuelde woorde, en of ons vir "die regte" mense by elke publieke geleentheid bid nie. God soek opregtheid, nie gebedsvertonings nie. Hy soek integriteit, nie flou nabootsings nie.

8. Daardie populêre stereotipe dat koppe getel word wanneer daar gebid word ... want die volle waarheid is dat God luister na elke opregte gebed

"Hier's my gebedsversoeke. Sal jy asseblief hiervoor vir my in-tree," lui 'n onlangse e-pos van 'n onbekende. Maar deesdae is ek ietwat versigtiger met sulke versoeke, want ek weet gebed is nie speletjies nie. Die Bybel leer my ons elkeen is elke keer die eerste linie van gebed. Bedoelende, as ons in die nood is, is ons persoonlik die eerste persone wat moet bid. So leer die psalms my om elke hoek en draai. Ons moet God eerste aanroep, nie ons selgroep of ons kerk nie. Wag, daar is niks verkeerd met die

feit dat ons kerk of omgeegroep of familie ook vir ons bid in 'n tyd van krisis nie. Ons moet juis vir mekaar bid. Dis 'n hemelse opdrag. Ons mag egter nie die fout maak om te dink God tel koppe as ons bid nie. God tel nie, Hy weeg. Hy weeg ons harte se opregtheid. Daarom is een opregte bidder oorgenoeg.

Toe ek agterkom ek self is elke keer die eerste linie van gebed, het ek geleer om versigtiger te bid vir myself en vir ander mense. Ek bid nie meer goedsmoeds wat ek of hulle wil hê nie. Dit kan net wees dat ek Jakobus 4:1-3 se reguit woorde oortree indien ek vir myself en ander mense bid met onsuiwer motiewe. Ook kan dit wees dat ander mense dalk sondige motiewe het as hulle 'n gebedsversoek rig en dan dra ek dit boonop namens hulle na God toe aan. Jakobus sê ons mag nooit agter ons selfsugtige begeertes aanbid nie. Daarom mag ons ook nie klakkeloos enigiets bid wat ons self wil hê, of wat ander mense soms vir ons vra nie. Ek self bid deesdae versigtiger as ooit, maar ek bid makliker as ooit daardie een lewensbelangrike gebed vir myself en vir ander: "Here, laat u wil in ons lewens geskied!" Ja, ons moet vir mekaar en vir onself bid, maar dan altyd dat God se wil sal geskied.

9. *Daardie foutiewe stereotipe dat "groot" gelowiges 'n gebed-binnebaan by God het ... want die volle waarheid is dat Hy al sy kinders ewe veel liefhet en niemand voortrek nie*

Ek is dalk die enigste vreemdeling in Jerusalem, maar ek weet al daardie huh-hah en blah-blah rondom gebed, en veral rondom sekere bidders se aansprake van wonderwerke en deurbraake, is oordrewe. Dit sistap die worstelinge wat deel uitmaak van elke gelowige se gebedslewe. Niemand van ons het 'n binnebaan tot God nie. Daar bestaan nie iets soos 'n klein groepie kampioenbidders wat op 'n hemelse "voyager miles"-program is wat aan hulle sekere gebed-voorregte gee wat "gewone" gelowiges soos ek en jy nie geniet nie. Die Here ken nie iets soos

“celebrity”-Christene wat in die geestelike eersteklas bid en die res van ons wat maar in die ekonomiese klas of selfs in die vragruim van die gebedskamer moet uithang nie.

Al God se kinders is gelyk voor Hom. Hy het ons almal ewe veel lief. Hy trek nie een van ons voor nie. Dit geld aan hierdie kant van die graf, sowel as aan die ander kant. Van laasgenoemde gepraat, Jesus verduidelik in sy gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye deur die loop van die dag gehuur is (Matt. 20) dat ons almal tot in die verste ewigheid gelyk is voor God. Uiteindelik betaal die eienaar vir een en almal dieselfde loon. Dit was pynlik vir dié wat vroegdag begin werk het, maar die Eienaar (God) hou voet by stuk dat Hy sy woord teenoor elkeen gehou het en aan hulle gegee het wat Hy met hulle persoonlik ooreengekom het. Punt is: God gee vir ons almal presies dieselfde geskenk, naamlik die ewige lewe in sy teenwoordigheid. Dan sal Hy mos aan hierdie kant ook dieselfde teenoor al sy kinders optree.

In God se oë is daar nie klasseverskille of statusverskille tussen Christene nie. Ons almal is ewe naby aan Hom. Titels en kerklike posisies tel niks vir Hom nie. Ons almal is geliefde kinders in sy huis. Mans of vroue, slawe of vryes, Jode of nie-Jode – ons almal is een in Christus (Gal. 3:28). Net soos goeie ouers nie diskrimineer tussen hulle kinders nie, doen God dit ook nie. Ek meen, goeie ouers pers nooit hulle kinders af met opmerkings soos: “Ons gaan die een van julle wat dié week die soetste is die liefste hê” nie. Of: “Ons gaan in die volgende maand die meeste luister na die een wat die meeste doen wat ons vra.” Dit sou liefdeloos wees. Gelukkig is God ook nie so nie. Ja, die Woord het duidelike uitsprake oor die aard en inhoud van egte gebed, maar dit maak nie van God ’n wispelturige God wat sekere bidders by voorbaat voortrek nie. Hy hoor elke gebed wat opreg in Jesus se Naam voor sy troon geoffer word. Hy nooi ons almal ewe veel uit om te bid. En Hy waarborg dat elke opregte gebed groot effek het. Elkeen wat Hom opsoek volgens

sy voorwaardes sal aangehoor word. Hy draai sy oor na elke persoon, arm of ryk, swak of sterk, wat Hom gelowig aanroep.

10. Daardie populêre stereotipe dat nood leer bid ... want die volle waarheid is dat die Heilige Gees ons Leermeester is “Nood leer bid.” So lui die bekende gesegde. Feit is, baie mense wat God in krisis soek, dien Hom nie in rustige tye wanneer die gevaar en die nood verby is nie. En dié wat noodgebede as die “normale” manier van bid begin gebruik, leer eintlik maar net vir hulleself die kortpad-gewoonte aan om dieselfde tipe gebede weer en weer te bid. Dis nie altyd ’n goeie ding nie, want noodgebede is presies wat die woord sê – noodgebede. Dit is behoefte-gedrewe. Dis nie normale gebede nie. Noodgebede is soos noodhulp wat moet help om ons lewendig te hou totdat ons behoorlike mediese behandeling kan kry. Noodbehandeling help net vir ’n kort rukkie om ons uit die gevaarsone te kry en ons lewe te stabiliseer. Net so is noodgebede ook net bedoel vir krisistye. Ek praat van daardie “Help my”-, “Red my”-, “Gryp in”-gebede wat ons bid wanneer ons lewens in gevaar is, of as ons smag na ’n dringende ingrype van die Here wanneer ons in groot moeilikheid is. In die dag van nood moet ons God aanroep, soos wat Hy ons beveel om te doen in Psalm 50:15. Maar daarna moet ons weer terugkeer na ons normale gebedsdissiplines.

Noodbidders verstaan God eintlik net as die noodwiel in hulle lewe. Hy moet daar wees vir hulle in ’n krisis, maar dan moet Hy uit die pad staan as dinge weer goed gaan. So durf ons nie bid nie, want ons omstandighede is nie ons leermeester wanneer dit by gebed kom nie. Die Heilige Gees is ons leermeester.

Kort voor sy kruisiging het Jesus in Johannes 14 en 16 juis vir sy dissipels geleer dat Hy die Gees as Trooster in sy plek na ons toe stuur om ons in die volle waarheid te leer en te lei. Daarom is die Gees ook ons Leermeester wat gebed betref. Hy

leer ons met name om nie net behoefte-gerig te bid nie. Hy leer ons om soos Jesus te bid in Johannes 17, net voor sy Via Dolorosa. Dan bid Jesus nie benoud vir Homself om uitkoms nie, maar vir sy dissipels. Jesus tree hier selfloos in die bres vir sy dissipels. Presies so werk die Gees. So leer Hy ons ook om te bid. Hy maak ons vergeetagtig wat onself betref en leer ons om ander mense se laste op ons skouers te tel. Hy laat ons verby ons omstandighede leef. Hy leer ons gebed vir gebed en ook dag vir dag dat God op sy eie voorwaardes geken moet word en dat Hy nie gemeet mag word aan hoe ons wil hê Hy moet optree nie.

God is liefde, maar sy liefde word eerste gedefinieer deur 'n houtkruis. God is naby, maar sy nabyheid word nie soos klokslag gelykgestel met die afwesigheid van storms en probleme nie. God is die God van verhoudings. Hy laat Hom vind deur elkeen wat na Hom soek. Hy stort sy Gees uit oor soekende bidders. Hy bly by elkeen wat Hom aanroep.

Slot

Een van die duidelikste redes in die Bybel oor hoekom gebed soms nie verhoor word nie, kom voor in Jakobus 4:1-3. Jakobus leer dat mense nie ontvang nie omdat hulle nie bid nie, en baie mense wat bid, bid verkeerd. Hulle wil net dinge hê om hulle eie selfsugtige behoeftes mee te bevredig. Biddeloosheid en selfsug versper dikwels ons pad hemelwaarts. Om nie te bid nie is om God se oop hand mis te loop. Maar om verkeerd te bid, is om op presies dieselfde roete te wees. Gebed is die brug hemelwaarts en terug. Gebed verbind ons met God, maar dan nie as selfgesentreerde gesprekke wat ons met Hom aanknoop nie. Gebed is om te buig en niks te wees nie. Gebed is om altyd te bid: "Laat u wil geskied."

Hoe raak ons gebedfiks? Hoe kry ons dit reg om sonder ophou te bid, soos wat Paulus in 1 Tessalonisense skryf? Hoe

bid ons sonder om in geykte woorde of lewelose frases vas te val? Of om bloot net “gepaste” gebede voor etes te bid? Wel, daar’s geen kitsresepe vir “regte” gebede nie. Maar daar is wel vaste beginsels soos dat gebed verhoudingsmatig is. (Het jy al ooit in enige gebedsboek geleer dat gebed ten diepste verhoudingsaangedrewe is? Wel, ek het ook nog nie.) In elk geval, gebed is gesprek met die lewende God. Gebed is om in Jesus se Naam met Hom te praat. Nee, dit is nie in die eerste plek antwoord-soek-sessies nie. Ons bid nie net as ons iets op die hart het, of wanneer ons iets van God wil hê nie. Ons bid om Hom te verheerlik en ons bid om sy Naam groot te maak. Ons bid, want ons verlang na en ons geniet ook God se teenwoordigheid. Daarom kan ons partykeer net woordeloos en stil in sy teenwoordigheid wees.

Gebed is ons lewenslyn. Dit is ons gefokusde aanwesigheid in God se teenwoordigheid en ons primêre verbindingslyn met ons hemelse Vader. Gebed gaan nie oor onself nie, maar oor God. Dit vra nie, maar gee. Dit eis nooit op nie, maar lê neer. Dit palm nie in nie, maar offer op. Egte gebed dra nie dik versoekskrifte hemel toe nie, maar bied lofuitroepe aan God. Gebed jubel oor sy goedheid. Dit bring eer aan Hom. Sulke gebed verander ons vanaf selfsugtige wesens wat gedurig wil hê God moet ons drome en planne laat waar word tot lofsangers wat bly is oor Hom. Egte gebed laat ons agter Jesus aan sê: “Nie my wil nie, o Heer. Slegs u wil moet geskied!” Om so te bid, maak ons klein en weerloos voor God. Dit laat ons alles van die Here verwag. Hy alleen is ons lewe; Hy is ons hoop. Daarom bid ons. Gebed is ...

- Om in die Naam van Christus gedurig in God se teenwoordigheid te wees (Joh. 15:16; 16:23-24).
- Om sonder ophou in ’n ingesteldheid van gebed voor God te leef, te praat, te dink en te doen (1 Tess. 5:17).
- Om God groot te maak, lief te hê, te prys, oor sy Naam te jubel

en Hom te verhoog met my woorde en my liggaamstaal (Ps. 100; 103-108).

- Om te wag op die Here. Om net in sy teenwoordigheid te wees, al sê ek geen woord nie (Ps. 130-131).
- Om God te dank vir wie Hy is, vir sy ingrype en vele gebedsverhorings (Rom. 1:8-9; Ef. 1:3-14).
- Om die Here te herinner aan sy reddingsdade, sy beloftes, sy ongelooflike goedheid (Neh. 9:5-37).
- Om God aan te roep in tye van berou, krisis, gevaar, stryd en aanvegting (Ps. 51; Esra 9:6-15).
- Om altyd God se wil te soek (Matt. 6:9-13).
- Om klein en nietig voor God te wees (Jak. 4:7-10; 1 Pet. 5:6).
- Om die Here se wil, goedkeuring, hulp en ondersteuning te soek binne enige denkbare situasie (2 Kon. 20:1-11; Ps. 22; Hand. 4:23-31).
- Om te bid vir daaglikse brood (Luk. 11:2-13).
- Om te bid vir die openbaring van God se krag en sy vrymakende mag (Ef. 1:15-23; 3:14-21).
- Om te worstel met God (Ps. 73; Job 16-19; 39-42).
- Om die Gees toe te laat om namens my te bid as ek sukkel (Rom. 8:26-28).
- Om God met alles in my te vertrou en my eie eer en persoonlike agendas ter syde te stel (Jak. 1:5-8; 4:1-6).
- Om aktief vir ander rondom my te bid (1 Kor. 1:4; 2 Tess. 3:1-2).
- Om te bid en in die bres te tree vir God se stukkende skepping (Rom. 8:21-23).

**Tyd vir 'n epiëse
gebedsreis saam
met Habakuk**

“God is nowhere”

“Oh Lord, please don’t burn us. Don’t kill or toast your flock. Don’t put us on the barbeque. Or simmer us in stock. Don’t bake or baste or boil us. Or stir us in a wok.” So klink een van die gebede in die *Monty Python*-reeks. Maar hierdie is nie die gebed waarmee die profeet Habakuk sy boek inlui nie. Nee, sy gebed is moontlik nog donkerder as dit. Dit is ’n klaaggebed. Dit is ’n verwyttende, God-is-afwesig-gebed.

’n Mens verwag nie dat die Here se profete so afskop nie. Jy verwag eerder iets soos: “Die woord van die Here het tot Habakuk gekom ... ” Of: “Hoor, Israel, wat die Here deur Habakuk sê.” Maar daar is niks hiervan nie. Habakuk trek los met klagtes. So begin sy profetiese boek op ’n ietwat lae noot.

Habakuk is ’n half vergete profeet tussen sy twee reuse tydgenote, Jeremia en Esegïel. Hoofstuk 1 van sy boek kan geplaas word in die tyd van die opbloeï van daardie nuwe wêreldmag genaamd Babilonië wat rondom 625 v.C. onder Nabopolassar gestalte aangeneem het. Die Babilo-

God is nêrens

(Habakuk 1:1-11)

niërs, of soos Habakuk hulle noem, die Galdeërs, het onder Nebukadnesar (605-556 v.C.) hulle hoogbloei beleef. Hulle het die Assiriërs onder die stof geloop en was besig om hulle mag wêreldwyd af te dwing.

Terwyl Esegïël intussen saam met bannelinge uit Jerusalem weggevoer is en vanuit Babilonië sy profetiese woorde neerpen, is dit Jeremia wat op die tuisfront in Jerusalem vir meer as 40 jaar lank profeteer onder die laaste vyf konings van Juda. Gedurig roep hierdie dapper man van die Here Jerusalem op om oor te gee aan die Babiloniërs. Sy oproepe val egter op dowe ore. Nadat die Babiloniërs Jerusalem verower het, kies Jeremia om in die stad agter te bly waar party van sy volksgenote uiteindelik teen hom draai en hom wegvoer saam met hulle as hulle na Egipte toe vlug.

In hierdie einste tyd, of dalk kort nadat Jerusalem vernietig is en baie Israëliete in die jaar 586 v.C. as slawe na Babilon weggevoer is, kom Habakuk op die toneel. Soos gesê, bevind die profeet Habakuk hom midde-in die onstuimige jare kort voor 597 v.C. in Jerusalem wanneer die Babiloniërs hulle eerste aanvalle op die stad loods. Teen die agtergrond van hierdie bedreiging begin hy bid en praat.

Ons weet niks van Habakuk as persoon of sy agtergrond af nie. Ons vermoed dat sy naam iets beteken soos om te omhels of vas te gryp. Maar Habakuk se profetiese woorde en sy klaagbede is van die begin af baie skerp en op die man af. Liewers, dit is op God af. Hoor net sy openingswoorde (1:2-4):

²Here, hoe lank moet ek nog bly roep dat U moet help? Dit klink nie of U hoor nie. Ek kla by U omdat mense ons aanrand en doodmaak, maar U red ons nie. ³Hoekom laat U my hierdie verkeerde dinge sien? Hoekom verdra U dit dat mense swaarkry? Waar ek ook al kyk, lê dinge verwoes. Dit is 'n wêreld vol geweld. Oral stry en baklei mense. ⁴Mense steur hulle nie aan die wet nie. Die howe sorg nie dat wat reg is die wenner is nie.

Terloops, dalk het jy gehoor van die Ierse leraar wat een keer vir die leiers van sy gebied gebid het: "May the Lord take them far ... " Toe iemand hom vra wat hy met hierdie gebed bedoel, voeg hy by: "May the Lord take them far from us!" Kom ons wees eerlik, baie van ons voel so oor die leiers van die dag. Ons weet die Bybel sê ons moet vir hulle bid, maar wat bid 'n mens vir die korruptes, die oneerlikes, die onbekwames en vir die res wat in leiersposisies staan? Habakuk voel ook nie lus om enige goeie dinge te bid oor sy land en die komende bedreigings wat op hulle wag nie.

Geen opbouende woord van God aan sy volk lui Habakuk se profetiese boek in nie. Dis net mooi andersom; dit begin as 'n vingerwysende woord aan God. Soos sommige klaagpsalms is dit beskuldigend. Hoekom gebeur slegte dinge? Waarom doen God niks? Hoekom luister Hy nie na sy kinders se gebed nie? Hoekom neem onreg toe en geregtigheid af? Hoekom tref soveel seerkry goeie mense? Dit is die openingsalvo wat God se profeet vreesloos in sy rigting loslaat. Habakuk sien God net mooi nêrens. Hy hoor Hom nie, sien Hom nie en beleef Hom nie. *God is nowhere!* 'n Hoopverlore gebed haal dus die inleidende verse van een van die boeke wat God goedgekeur het om in die Bybel opgeneem te word.

"Hoekom?" is daardie een vraag wat 'n bekende filosoof gesê het hyself ook eendag vir God gaan vra. Dalk is dit die vraag van alle vrae. "Hoekom kry ander mense werk, maar ek nie?" "Hoekom gaan ons kind dood van kanker?" "Hoekom luister God nie as ek bid nie?" "Hoekom al die geweld, misdaad, droogtes, goddeloosheid?"

Miskien vra ons dit omdat ons verkeerd oor God dink, so asof Hy in die vraag-en-antwoord besigheid is en dié wat in sy diens staan boonop die direkteure is van sy aardse "hoe-verklaar-'n-mens-dit?"-bedryf. In elk geval lyk dit nie of Habakuk die vaagste benul het wat om te antwoord nie. Hy self vra immers hierdie vrae. Hy is uit op sy voete. Hoe moes die ander

mense in die land dan gevoel het as hulle profeet nie eens meer hoop gehad het nie?

Gebedsles: Een stukkie goeie nuus wat tussen die lyne deur-skemer in hierdie reguit gebed van Habakuk is dat God eerlikheid verkies bo skynheiligheid en ongelowige stilstuipe. Praat liewers padlangs met God as om dikmond stil te bly. Kla liewers by Hom agter Habakuk aan as om tussen ander mense oor God te skinder en uiteindelik jou geloof te verloor. God kan dit vat. Sulke vrae en gevoelens is nie vir Hom so skokkend dat dit onder die mat ingevee hoef te word nie. Of stil geswyg moet word nie.

God hou van reguit vrae. Nog altyd. Toe Asaf in Psalm 73 amper sy geloof verloor het omdat dit goedgaan met goddeloses en sleg gaan met mense soos hyself, is God nie onkant gevang nie. Toe Jeremia in hoofstuk 15 sy bedankingsbrief aan God uitgeskryf het omdat sy lewe net swaarkry was en dit gevoel het of die Here hom bedrieg het, het God nie met 'n verleë antwoord vorendag gekom nie. Eeue later, toe Johannes die Doper ook in sy donker oomblikke in Matteus 11 vir Jesus vra of Hy regtig die Messias is en of hy wat Johannes is iemand anders moet verwag, was Jesus ook daar vir hom.

Toe antwoord God, maar ... (1:5-11)

God is die God van verhoudings. Hy laat Hom ken in verhoudings; daarom kan mense dit met Hom waag. Slegs wanneer soekende mense sy hart ontdek, kom hulle tot egte rus.

Nee, die soektog na God is nie ten diepste 'n soeke na rasionele antwoorde op alle vrae nie, maar die soeke na die teenwoordigheid van die lewende God. Om die Here so te ontdek, is om te ervaar dat jou hart en verstand tot rus kom.

Maar dit is nie hoe baie mense gebed verstaan of beleef nie. Of wat hulle van gebed wil hê nie. Hulle is nie regtig op soek na 'n dieper verhouding met die Here nie, hulle soek na antwoord-

de op hulle vrae en deurbrake in hulle nood. Hulle soek nie die Brood van die lewe nie; hulle soek gewone brood. Vra maar vir die inwoners van Kapernaum en omgewing in Johannes 6 wat nie tevrede was om net 'n eenmalige broodvermeerdering te beleef nie. Hulle wou van nou af elke dag brood hê. Hulle was nie bereid om maar net in Jesus as die Brood uit die hemel te glo nie! Mense soek steeds net na antwoorde van God, hulle soek eintlik nie vir God self nie. En verkieslik moet hierdie einste antwoorde so gou moontlik hier op hulle voorstoep opdaag. Soos iemand nou die dag sê: “Ek het darem ook nie die heeldag tyd om op God te wag nie.”

Wanneer dinge skeefloop, hoor jy soms opmerkings soos: “Bid maar net, daar sal antwoorde kom.” Of: “Die Here het vir jou iets beters in gedagte.” Nou ja, wat is daardie “iets beters”? Is dit dalk beter dae, meer geld, 'n groter pos – soos wat ek al gehoor het by sulke kitsoplossing-uitdelers. As ek dit nie mis het nie, is sulke dinge nie noodwendig “beter” in die Bybelse sin van die woord nie. Ek lees juis in Jakobus 4 dat mense soms nie kry waarvoor hulle bid nie omdat hulle net nog dinge wil hê wat hulle op hulself kan uitmors. Hierdie is regtig nie die “beter dinge” wat die Here vir ons in gedagte het nie. Wel, ten minste nie as jy Habakuk 1 lees nie. Want God se antwoord in vers 5-11 sluit nie sulke tipe beter dinge in nie. Geen beter dae is hier ter sprake nie.

Die meeste mense vir wie gebed 'n vraag-en-antwoord-sessie is, hou daarvan om die volgende te kan sê: “Ek het gebed; toe praat God met my.” Normaalweg is God se antwoord gelyk aan die groot deurbraak! Antwoorde en oplossings is in die meeste godsdienstige kringe sinoniem wanneer gebedsverhoring ter sprake is: “Ons het gebed en toe sê God vir ons wat om te doen.” Maar dit is nie die geval in Habakuk 1:5-11 nie. As God sy profeet antwoord na sy eerste klagte-uitbarsting, word dinge net nog erger. Dis asof God vir Habakuk sê: “Jy wil 'n antwoord hê; wel, hier is dit: Dinge gaan moeiliker word.” *Nothing is so bad*

that it cannot get worse! God se antwoord aan sy profeet is dat daar selfs groter probleme op sy volk wag! Die Babiloniërs is op pad. Hulle is 'n wrede nasie wat alles voor hulle vernietig. Hulle kom om verwoesting te saai en dit gaan nie gekeer word nie. Gebed gaan nie hierdie probleem "fix" nie. Moeilikhed kom. Dit is 'n feit. So klink die Here se reguit antwoord in vers 5-11:

⁵Die Here het toe vir die mense van Juda gesê: Hou 'n bietjie die ander volke om julle dop. Ek het binnekort 'n groot verrassing vir julle. As iemand julle daarvan sou vertel het, sou julle hom nie geglo het nie. ⁶Hier is dit: Ek maak die Babiloniërs die mag wat al die volke in die wêreld sal oorheers. Hulle reputasie is oral bekend, hulle is 'n wrede en woeste spul mense. Hulle stuur hulle soldate die wêreld vol en dan neem hulle lande in. ⁷As mense net aan hulle dink, dan raak hulle bang en lam van vrees. Hulle is so arrogant, hulle maak hulle eie wette oor wat reg en verkeerd is. ⁸Hulle soldate wat op perde ry, maak ook groot indruk. Hulle perde lyk so vinnig dat 'n mens die idee kry dat hulle vinniger as luiperds is en skrikwekkender as honger wolwe. Hulle ruiters kom van ver af aangejaag en sak dan nes arende soos blits op hulle prooi toe. ⁹Hulle leërs het net een doel en dit is om mense links en regs dood te maak. Hulle ken net een rigting en dit is vorentoe. Hulle het al so baie mense gevang dat hulle te veel is om te tel. ¹⁰Die Babiloniërs het respek vir niks en niemand nie. Hulle dryf die spot met konings en verkleineer regeringsleiers. Hulle laat hulle ook nie afsit deur die hoë veiligheidsmure wat om stede gebou is nie. Hulle hoop doodeenvoudig grond daarteen op en klim dan oor die mure en neem die stad in. ¹¹Daarna swiep hulle soos die wind voort en verdwyn net. Vir hierdie mense is hulle eie mag hulle god. Hulle glo hulle mag kan nie misluk nie.

Gebedsles: God verhoor gebed, maar Hy beantwoord dit nie elke keer soos wat sy kinders wil hê nie. Dit is een van die be-

langrikste lesse om te leer as jy 'n vrugbare gebedslewe wil hê. God is nie in een van ons se diens nie. Hy is nie 'n kitsoplossing-verskaffer nie. Vat maar die Psalms. Interessant genoeg is daar meer klaagpsalms as lofpsalms in die boek Psalms. Mense se worstelinge met God en swaarkry word gedurig in hierdie klaagpsalms verwoord. Die klaagpsalms vertel nie om elke hoek en draai van skouspelagtige deurbrake, kits-antwoorde en -oplossings in reaksie op gebed nie. Terwyl die klaagpsalms se skrywers sukkel om behoorlik sin te maak van hulle eie lyding en soms hardop wonder waar God is, val hulle almal uiteindelik terug in sy arms. Hulle weet dat die Here niemand antwoorde skuld nie. Nogtans laat Hy Homself op sy eie maniere vind deur soekende, protesterende mense.

God kan kritiese vrae vat. Al is daar nie maklike antwoorde in tye van swaarkry beskikbaar nie, is daar wel hemelse troos te vind. Dit gebeur wanneer vlugteling en klaendes nogmaals in God se oop arms inhardloop. Die psalmskrywers weet om van Hom af weg te hardloop, is om ook weer in Hom vas te hardloop. Hy is oral, nie net agter ons rug nie, maar ook hier reg voor ons. Vlug Godwaarts! Dit doen Habakuk. Dit doen die Psalms. Dit is die les wat ek en jy moet navolg. Maar help dit dan om te bid? Dis wat 'n mens dalk wil vra as jy Habakuk se eerste verse lees, en veral God se antwoord aan hom. Wag, miskien moet ons 'n ander roete aandurf, want nie alle vrae is noodwendig die regte vrae, of goeie vrae nie. Vat maar die volgende vraag: "Help dit om motor te bestuur, want daar is so baie ongelukke?" Of hierdie een: "Help dit om vriende te hê, want daar is so baie vals vriende?" Ons vrae kort ook 'n vergrootglas!

'n Beter roete tot hierdie "help dit om te bid?"-vraag, is om nie oorhaastig verdedigende antwoorde in plek te hê nie, maar om die vraagstellers (wat meestal onself is!) met 'n paar vars vrae te benader. Ek praat van vrae soos: "Wat is jou eie verwagting van God en van gebed?" Of: "Sien jy God as die Een wat

net moet regstaan met 'n antwoord wanneer jy Hom vra, en presies ook soos jy voorskryf?" Ook sou ek wou weet of sulke vraagstellers (insluitend ekself) besig is om God met oorgawe te dien.

Inderdaad waarborg God antwoorde op gebed, maar dan vir dié wat in Christus bly, soos wat Jesus in Johannes 15:7 sê. Jesus sê dat as ons in Hom bly soos die takkies van 'n wingerdstok en as ons getrou doen wat Hy vir ons sê, kan ons bid net wat ons nodig het om getrou aan Hom te bly, en ons sal dit ontvang. Met ander woorde, dit gaan nie oor ons nie, maar oor God. Verhoorde gebede is gebede wat God se eer voorop stel en Hom verheerlik! Jakobus 4:1-3 herinner ons dat onverhoorde gebede die gevolg is van ons eie biddeloosheid, selfsug en gierigheid. Ons moet bid, máár ons moet reg bid. Ons gebede moet God se eer voorop stel. Anders is ons maar net godsdienstige verbruikers (misbruikers?!) van God se genade. Vanuit hierdie Bybelse raamwerk kan en moet ons dan ons eie vraag ("help dit om te bid?") beantwoord. Ja, want God is die Hoorder van gebed, soos wat Psalm 63 sê!

Gebed is daardie lewensbelangrike skuif vanaf indirekte rede oor God na direkte rede met God

Gebed is 'n hemelse opdrag, al is gebed nie elke keer maklik nie. Laat ons dit reg sê, gebed raak makliker as ons ophou om net uitkoms-gedrewe te bid. Ja, ons mag bid vir antwoorde, deurbrake en ingrype van God, maar dit is nie die enigste of belangrikste doel van gebed nie. Gebed, soos wat ons al 'n paar keer vir mekaar gesê het, gaan oor God en sy eer. Oor en oor roep die Bybel ons op tot gebed wat op God gefokus is. Dit is die dure les wat Habakuk, en ook ons, moet leer. Selfs wanneer ons sy hulp afsmeek en sy aangesig soek in ons uur van benoudheid gaan dit oor God. Daarom moet ons bid, al kry ons nie antwoorde op ons vrae nie, en al klop ons ons vingers

stukkend teen die hemelse deur. God is nie weg as die antwoorde uitbly nie. Sy hart is nie skielik hard as dinge nie vir ons uitwerk nie. Ons moet altyd en oral bid. Ons moet dag en nag bid, soos wat die Bybel ons oproep.

In Matteus 13 vertel Jesus dat daar minstens twee groot geloofsdiewe is. Die een se naam is swaarkry en die ander een s'n is gierigheid. Wanneer hulle in mense se lewe aanwesig is, vlug geloof dikwels by die agterdeur uit. Swaarkry en teenstand maak dat baie die handdoek ingooi. "Waar is God as ons swaarkry?" vra hulle. "Hoekom doen Hy niks as ons bid nie?" sug ander. Die uiteinde is ongeloof. Dieselfde gebeur wanneer mense in weelde begin leef. Dan verdwyn hulle afhanklikheid van God soos mis voor die son. Dan het hulle nie meer die Here nodig om vir hulle te sorg nie.

Ons moet op die uitkyk wees vir hierdie gevare waarteen Jesus waarsku. Ons moet ons lewenshuis bou op Hom as Rots, dan sal die stormwinde van twyfel en moeilikheid ons nie onderstebo spoel nie. Ons moet ons oog op Hom hou, dan sal voorspoed ons nie vergeetagtig maak wat God se goedheid betref nie. Dan sal ons ook nie net in indirekte rede oor God praat nie.

Van indirekte rede gepraat, as ons net oor God in indirekte rede praat, is ons eintlik nog net besig met ons eie idees oor Hom. Wanneer ons gesprekke nie verder vorder as dit nie, filosofer ons maar net binne die veiligheid van ons eie gespreksruimtes met mekaar oor God. Dan ruil ons vroom idees oor Hom onder mekaar uit. Maar dit is nog lank nie genoeg nie. Slegs wanneer ons indirekte rede oor God oorskakel na direkte rede, verskuif ons eie posisie ten opsigte van Hom. Dan is ons nie net gespreksgenote met mekaar oor God nie, maar knielendes voor Hom. Dan is ons nie besig om ons idees oor Hom met ander mense uit te ruil nie, maar om direk met Hom as die Here te praat. Dan verskuif ons plek vanaf die paviljoen na die speelveld van die geloof.

Geloof gaan nie net oor gesprekke met ander oor God nie, maar gesprek met Hom. Gebed gebeur altyd in direkte rede, nie indirekte rede nie. Dit is nie net praatjies of indrukke oor God nie, maar aktiewe tweegesprek met Hom. Dit is om te buig voor die lewende God. Om reg te praat oor God met ander en tussen ander is om in gesprek met die Here te wees. So leer Jesus ons. So leer Hy ons bid in die Ons Vader. Reg praat begin by bid. Natuurlik mag en moet ons elders oor God praat, maar dit is altyd 'n inleiding tot opregte gesprekke met Hom. Geloof dwing ons altyd op ons knieë. Dit laat ons voor die Here buig in verwondering.

My oupa was 'n kragtige bidder. As ek gedurende skoolvakansies by hulle gaan kuier het, het ons elke aand saam Bybel gelees. Hierna het my oupa vir ons almal gebed. Dit was roerend. Ek weet dat die effek van sy gebede nou nog voelbaar is in ons lewens, jare ná sy dood. Wie het gesê gebed se impak is net tydelik? Die grootste nalatenskap van Godvresende mense is nie hulle erfposies aan hulle families, of hulle mooi voorbeeld waaroor mense jare lank nog praat nie, maar hulle gebede.

Baie kere deur die eeue het God bekommerde vroue se gebede vir hulle mans verhoor. Of uitkoms gegee omdat ouers die Here se wil oor hulle kinders se lewens afgesmeek het. Gebed is nie maar net 'n vinnige kniebuiging in God se rigting nie. Of 'n verpligte godsdienstige aktiwiteit nie. Gebed wat gelowig in Jesus se Naam gebed word, val altyd op God se horende oor. Hy is nie doof nie. Die Here is regtig die Hoorder van gebed, soos wat Psalm 63 ons leer. Ons kan Hom selfs met ons twyfel en klagtes vertrou, soos wat Habakuk ons leer.

Korter is beter, veral wanneer dit 'n klagte-gebed is

Baie gebede is 'n gesukkel aan hierdie kant van die draad omdat ons gedagtes dwaal en ons nie ons konsentrasie vir te lank kan behou nie. Dalk maak dit dat ons moed opgee met gebed. Wel,

ek moet erken dit is een van my probleme om te konsentreer terwyl ander of ekself bid. Ek sukkel om in gebedsgroepe te sit waar mense laaaaaaaaank bid. My gedagtes begin dwaal. Dit gebeur ook as ek self te lank bid. Ek voel elke keer goor as ek hoor van Martin Luther se drie ure per dag gebedsessies, of van Daniël en Nehemia se dae lange gebede.

Op 'n stadium het my eie kort gebede my so gepla dat ek gaan kers opsteek het in die Bybel. Groot was my verbasing toe ek leer dat die twee belangrikste tekste oor die lengte van gebed, naamlik Prediker 4:17-5:2 en Matteus 6:5-15, glad nie lang gebede as die normale gebedsroete voorstaan nie. Prediker roep ons op om versigtig te wees as ons in God se teenwoordigheid is en om nie praatjies te maak nie. Ons moet ons woorde versigtig kies en nie sommer net enigiets kwytraak, of woorde aframmel soos wat dit in ons gedagtes opkom nie. Net so waarsku Jesus ons in Matteus 6 om nie woorde-babbelaars te wees nie (soos wat die Griekse woord *battalogeō* wat in vers 7 gebruik word, veronderstel). God word hoegenaamd nie deur baie woorde beïndruk nie. Hy luister nie na die massas woorde wat ons gebruik, of kyk op 'n hemelse stophorlosie hoe lank ons gebede duur nie. Gebed se lengte is nie die groot faktor nie, maar gebed se inhoud en opregtheid.

Korter is beter as langer wanneer dit by gebed kom. As Paulus in 1 Tessalonisense 5:18 skryf ons moet sonder ophou bid, dan bedoel hy ons moet gereeld deur die loop van die dag bid. Ons moet dit doelbewus sowel as spontaan doen, maar dan korter en meer opreg. Selfs wanneer Habakuk kla, is dit kort en kragtig. Hy roer nie sy woorde om in eindelose frases nie. Habakuk deel dit waarvan sy hart vol is met die Here met min woorde, maar met groot opregtheid. Hy voel God is nêrens, en sê dit.

Dit lyk my om dinge korter vir God in gebed te sê, is om dit beter te sê.

“Die land brand”, en ander hooplose opmerkings

Dis al amper ’n refrein. Ek praat van daardie woorde: “Die land brand.” So ook daardie hooplose vraag op vele se lippe: “Waar gaan alles heen?” Of die ewe vreemde uitdrukking: “Net God kan ons nou nog help.”

As ek sulke woorde hoor, en dit meestal onder gelowiges(!), wonder ek of ons al ooit Habakuk en die res van die Bybel behoorlik geles het, want hulle vertel oor en oor dat swaarkry en teenstand en vervolging ook aardse metgeselle van gelowiges is. Volgens Paulus in 2 Korintiërs 4 dra ons altyd die dood van Jesus met ons saam. Ons dra altyd eerste ’n kruis en dan eers ’n kroon, nooit andersom nie.

Dis asof gelowiges in een of ander geestelike paniektoestand verval het. Oral slaan mense in geestelike sweet uit. Dan wonder ek of ons nie juis in ’n tyd soos hierdie geroep is om met ’n vaste vertrouwe en ’n diep innerlike vrede ons hoop in die lewende God uit te straal nie. Moet ons oog nie juis net op die Here wees, en nie op ons eie omstandighede nie? Moet ons nie ’n slag net ophou om te vertel hoe sleg dit oral gaan nie? Hoekom is swaarkry en slegte omstandighede die enigste hefbome wat maak dat ons onself voor God verneder? Moet dit eers droog wees of sleg gaan in die wêreld voordat ons voor God buig? Petrus roep ons in 1 Petrus 5 op om onself altyd voor die Here te verneder, nie net in swaarkry-tye nie. God sien die nederiges raak, maar Hy verwerp die hoogmoediges. God is naby ons. Dit is ons troos. Daarom kan ons die vure van hooploosheid rondom ons blus!

Die lewe is so hard dat ons almal onself nog hier gaan doodleef. Dit is aanvaarbaar as ’n mens darem ’n vol lewe gehad het, maar wat gemaak as misdadigers jou strepie wreed probeer trek? Of daardie groot K-siekte? Dan bevind jy jou op geloofverloor se vlakke. So sê die skeptici. Hoe gemaak met lyding? Moet ons saam met Habakuk in verwyttende taal lostrek? Of

moet ons in sulke tye God se Naam probeer red wat blykbaar dan modder-bespat is deur twyfelende gelowiges en kie? Nee, want ons is nie sy aardse regsverteenwoordigers nie. Daardie “get out of jail free”-verklarings wat party mense namens Hom probeer uitdeel, is onwettig! Ek bedoel daardie “toemaar, jy sal later verstaan”-soort, of die goue oue: “Daar’s ’n doel met alles.” God is nie ’n raaisel om op te los nie. Of ’n hemelse probleemgeval wat ons gedurig moet verklaar nie.

Beteken dit ons mag nie vrae vra wanneer lyding ons naam en adres het nie? Nee, ons mag! Maar dan moet ons minstens begryp geloof is verhouding-gedrewe. Dit is ’n verhouding met die lewende God, nie geïsoleerde oomblikke van beskerming, of toevallige ervarings van sy nabyheid nie. God is nie ’n oupa in die hemel wat vir ons geskenke uitdeel en dan uit ons pad moet staan totdat ons Hom weer nodig kry nie. Ook moet ons weet ons swaarkry en lyding is nie sulke groot geloofsdiewe soos wat algemeen aanvaar word nie. Dit steel dan nie eens Habakuk se geloof nie. Ja, hy is omgesukkel, maar hy bid minstens nog. Hy draai nie sy rug op God nie.

Dit herinner my aan Reeve Robert Brenner se boek *The Faith and Doubt of Holocaust Survivors* (1980) waarin hy onder andere honderde mense ondervra het wat die Tweede Wêreldoorlog se strafkampe oorleef het. Hy wou naamlik weet of hierdie skrikwekkende ervarings hulle geloof negatief geraak het. Bykans 50% van hierdie mense se geloof is hoegenaamd nie geskud nie. Een na die ander het hulle bely dat God nie die skuld kan kry hiervoor nie. “We owe God our lives for the few or the many years we live, and we have the duty to worship him,” merk een oorlewende op in ’n boek van Harold Kushner, *When Bad Things Happen to Good People* (1981). 11% van die mense het wel opgehou glo in sulke strafkampe, maar interessant genoeg het 5% van die mense dáár tot geloof gekom.

Wanneer mense reg geleer word dat gebed nie ’n hemelse versekeringspolis is wat hulle vrywaar van lyding, misdaad of

siekte nie, leef hulle meer sinvol. Wanneer hulle begryp hulle dra eers 'n kruis en daarna 'n kroon, vind hulle selfs betekenis in lyding. Dan weet hulle God se afstand is nie afhanklik van hulle goeie of slegte omstandighede nie. Lyding maak ons nie stom nie. In sulke tye stoei ons ook. Maar ons doen dit as kinders rondom God se tafel, nie as slawe in sy buitekamer nie. Ook in ons donkerste dae, wanneer die lig net deur die skrefies skyn, weet ons God kies om in 'n verhouding met ons te leef wat nie deur lyding of die dood beëindig kan word nie. Selfs al raak die verhouding met God papierdun aan ons kant van die draad, skei nie eens ons twyfel en worstelinge ons van Hom nie. Dit is hoekom Habakuk aanhou bid en pleit deur hierdie profetiese boek. Dit is hoekom Paul Althaus, 'n Duitse teoloog wat ook deur die hel van die Tweede Wêreldoorlog is, kon skryf: "Ek weet nie aldag of ek glo nie, maar ek weet in Wie ek glo!"

Slot: Ons dikteer nie die voorwaardes of die uitkomst van gebed nie

Ek leer tydens fase een van Habakuk se gebedsreis dat sowel geloof as gebed nie op uitverkoping is nie. Ons glo en bid nie wanneer en soos wat ons wil nie. Ook dikteer ons nie die voorwaardes of die uitkomst hiervan nie. Daar's nie allerlei spesiale aanbiedings teen afslagpryse op die gebedsfront beskikbaar nie, al klink dit so as jy na party kerklikes luister. God sit nie angstig en wag op 'n bietjie aandag van ons kant af nie. Sy enigste vriende is nie net 'n paar verdwaalde kerklikes nie.

Ons dien God op sy voorwaardes. Ons bid op sy terme en ons maak vrede met sy antwoorde. Hy is die Here, ons is sy knegte. Ons volg Hom waar Hy ook al gaan, nooit andersom nie. Daarom kos dit 'n prys om te glo, want God gaan nie heeltyd vir ons gee wat ons graag wil hê, of wat ons vra nie. Gebed

is nie 'n hemelse eenstop-diens of 'n geestelike hipermark wat in al ons aardse behoeftes op aanvraag voorsien nie.

Allesbehalwe! Eers wanneer ons op God se voorwaardes agter Hom aankom, beleef ons iets van sy liefde en trou. Eers wanneer ons die verhouding met Hom bo alles op prys stel, groei ons in die regte rigting, ook wat ons gebede betref.